
# 22. Paulus kan nou nie anders as om met mense oor Jesus te praat nie

Voortsetting van Jesus se bediening 4



**Doelwit**: Dat die juniors sal hoor dat Paulus ná sy bekering nie anders kon as om met mense oor Jesus te praat nie, met sy preek in Troas as voorbeeld.

**Bybelgedeelte**: Handelinge 9-28 (veral 9:19b-28; 13:1-4, 46: 18:6; 20:7-11)

**Kerngedagte**: ’n Kind van die Here kan nie anders as om met mense oor Jesus te praat nie.

**Kernvers**: 2 Korintiërs 5:14 ‘Die liefde van Christus dryf ons ...’





## Voorbereiding

Voorbereiding en hulpmiddels vir Grootgroepbediening (GGB)

- Berei die GGB as ’n geheel voor.
- Groot plakkate/ baniere/ PowerPoint-skyfies met die woorde: ‘Welkom Juniors!’ en ‘My belangrike Bybelstories’
- Plakkaat/ PowerPoint-skyfie met die kerngedagte en –vers vir vandag

<u>Plakkaat-aanbieding:</u>

- Prent 1: Paulus word in ’n mandjie by die muur in Damaskus afgesak
- Prent 2: Paulus op ’n skip om met mense oor Jesus te gaan praat
- Prent 2: Eutigus val uit die vensterbank op die derde vloer
- Prent 3: Eutigus lewe weer

<u>PowerPoint-aanbieding (Alternatief vir plakkaat- of TV- aanbieding):</u>

- Elke karakter en gebeure kan net bygevoeg word soos die vertelling vorder.
- Prente kan op Google Images of Pinterest gekry word.

**Voorbereiding en hulpmiddels vir Kleingroepbediening (KGB)**

- Berei die KGB as ’n geheel voor. Voorsien inkleurkryte.
- Die KGL fasiliteer die Pretaktiwiteit.




## Ontvangs

**Ontvangs en speletjies**

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

**Opruimtyd**

Dieselfde as by Ontmoeting 3.



## Grootgroepbediening (GGB)

**Gebed**

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

**Verwelkoming en gelukwensings**

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

**Sang**

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

**Lees**

Daar kan selektief uit Handelinge 9-28 (veral 9:19b-28; 13:1-4, 46: 18:6 en 20:7-11) gelees word.

**Boodskap**

**Agtergrondinligting**

Vir die GGL: Geen.

Vir die kind: Geen.

**Inleiding**

*Maats, as jy weet jou juffrou is lief vir jou, sal jy niks van juffrou praat nie? Of sal jy nie anders kan as om oor juffrou te praat nie? ... Ja, jy sal vir haar lief wees en nie anders kan as om oor haar te praat nie*. Dit is wat met Paulus gebeur het nadat hy 'n kind van die Here geword het. Paulus was mos eers 'n vyand van Jesus en van die Here se kinders? Hy het mos die Here se kinders gevang en in die tronk gegooi? Maar toe Paulus 'n kind van die Here geword het, het hy uitgevind hoe lief Jesus vir hom is. *Hy kon daarna nie anders as om met mense oor Jesus te praat nie*. Kom luister saam met my!

**Spanningslyn**



Paulus was mos in Damaskus toe hy 'n kind van die Here geword het? *Paulus kon nie anders as om dadelik met die Jode in Damaskus oor Jesus te praat* sodat hulle ook kinders van die Here kan word nie. Maar die Jode kon net nie glo dat Paulus nou vir hulle van Jesus vertel sodat hulle kinders van die Here kan word nie! Vir die Jode was Paulus 'n Jood en daarom 'n vyand van Jesus en die Here se kinders. Die Jode wou toe vir Paulus doodmaak! Die ander kinders van die Here in Damaskus het daarvan gehoor. Hulle klim toe in die nag op die muur wat om die stad gebou is en sit vir Paulus in 'n mandjie om teen die muur af te sak. (Wys Prent 1.)

Paulus het hierna teruggegaan Jerusalem toe. Hy het probeer om by die Here se kinders te gaan kuier. Maar hulle almal was vir hom bang! Hulle kon ook nie glo dat iemand wat 'n vyand van Jesus en die Here se kinders was, nou ewe skielik 'n kind van die Here geword het nie! Een van die Here se kinders, Barnabas, vertel toe vir die ander kinders van die Here dat Paulus regtig 'n kind van die Here geword het. Paulus kon daarna vir die mense in Jerusalem van Jesus vertel om ook kinders van die Here te word. *Paulus kon hier ook nie anders as om met mense oor Jesus te praat nie*.

Paulus en Barnabas het later na Antiogië gegaan. Die kinders van die Here het daar al 'n klein gemeente gevorm. Paulus en Barnabas was saam met 'n paar ander mans die leiers in die gemeente. Eenkeer, terwyl die mense bymekaargekom het om te bid, het die Here as die Heilige Gees vir hulle gesê (Drie-eenheid van God kan weer verduidelik word, indien nodig. Vgl by Ontmoeting 16, p 56. GGL in stem van Heilige Gees): 'Paulus en Barnabas is nou van die leiers in hierdie gemeente.

Maar Ek het ander werk vir hulle. *Ek wil hê hulle moet in ander lande vir die mense van My gaan vertel* sodat hulle ook kinders van die Here kan word.'
Só het Paulus begin om vir mense in ander lande van Jesus te vertel. In die ander lande was daar ook Jode. Paulus het vir die Jode en ook vir mense wat nie Jode is nie in daardie lande van Jesus vertel. Maar die Jode het dit weer vir Paulus moeilik gemaak om oor Jesus te praat, want hulle was mos vyande van Jesus en die Here se kinders? Paulus en Barnabas het toe vir hulle gesê (GGL in stem van Paulus en Barnabas): 'Julle Jode moes heel eerste van Jesus hoor om kinders van die Here te word. Maar omdat julle nie daarna wil luister nie, gaan ons nou na die mense toe wat nie Jode is nie.' Paulus het nou die meeste van die tyd met mense wat nie Jode is nie oor Jesus gepraat. *Paulus kon nie anders as om ook met mense wat nie Jode is nie oor Jesus te praat*!



Só het Paulus vier keer na dorpe in ander lande toe gegaan om met mense oor Jesus te praat sodat hulle ook kinders van die Here kan word. Barnabas het die eerste keer saam met Paulus gegaan, maar later het Silas en ander kinders van die Here saam met Paulus gegaan. Partykeer het hulle na 'n ander land toe gestap. En partykeer was dit nodig dat hulle met 'n skip van een land na 'n ander land toe gaan. (Wys Prent 2.) Die mense wat met die eerste keer kinders van die Here geword het, het klein gemeentes gevorm wat sommer in huise bymekaargekom het. Die tweede en derde keer wat Paulus na ander lande toe gegaan het, het hy partykeer vir die mense wat met die eerste keer kinders van die Here geword het, gevra om vir Jesus lief te bly. Maar Paulus het die tweede en derde keer wat hy na ander lande toe gegaan het ook na ander dorpe toe gegaan en oor Jesus gepraat. Paulus het 'n vierde en laaste keer Rome toe gegaan. Dit was in daardie tyd die belangrikste stad van al die lande in die wêreld. *Paulus kon net nie anders as om met enige mens oor Jesus te praat* om ook 'n kind van die Here te word nie!

Kom ek vertel vir julle van net een keer waar Paulus in 'n ander land vir mense van Jesus vertel het. Die mense was in 'n groot kamer op die derde vloer van die gebou bymekaar. 'n Jongman met die naam Eutigus het sommer in die vensterbank gesit. Die vensters het in daardie tyd nie ruite gehad nie. Miskien het hy in die vensterbank gesit omdat daar so baie mense was en daar nie meer plek op die vloer was nie.



Dit was al aand. 'n Klomp olielampe het gebrand om lig te maak. Dit was Paulus se laaste dag by hulle. Hy wou seker maak dat hy alles van Jesus vir hulle vertel. Hy het toe tot middernag met hulle oor Jesus gepraat, *want Paulus kon net nie anders as om met mense oor Jesus te praat nie*! Maar omdat Paulus so lank oor Jesus gepraat het, het Eutigus al hoe vaker geword. Die dampe van die olielampe het hom seker ook vaak gemaak. Hy was so vaak dat hy nie meer mooi geweet het wat om hom aangaan nie. Toe val Eutigus uit die vensterbank uit! Drie verdiepings ver! Tot onder op die grond! (Wys Prent 3.) Die mense het geskrik en ondertoe gehardloop. Maar toe hulle by hom kom, was hy al klaar dood! Paulus het ook ondertoe gegaan. Hy het op Eutigus gaan lê sy arms om hom gevou en vir die mense rondom Eutigus gesê (GGL in stem van Paulus): 'Julle moenie bekommerd wees nie. Eutigus lewe!' (Wys Prent 4.)



**Klimaks**
Paulus het daarna weer boontoe gegaan, na die derde verdieping toe. Eutigus het ook weer boontoe gegaan. En Paulus het verder met hulle oor Jesus gepraat ... totdat die son begin uitkom het! Hierna het Paulus na 'n ander land toe gegaan en Eutigus na sy huis toe. *Maats, Paulus kon net nie help om met die mense oor Jesus te praat nie*!

**Afsluiting**
*Paulus het aangehou om in ander lande met mense oor Jesus te praat sodat hulle ook kinders van die Here kan word.*

**Finale toepassing**
*Maats, Paulus het vir ons gewys dat hy nie anders kon as om oor Jesus te praat as hy eers 'n kind van die Here geword het nie*. Praat jy met jou maats oor Jesus? Wil jy hê dat hulle ook 'n kind van die Here word? Miskien weet jy nie hoe om met jou maats oor Jesus te praat sodat hulle kinders van die Here kan word nie. Ek sal die laaste Sondag van vanjaar by die juniorbediening met julle daaroor praat. Maar miskien is jý onseker of jy 'n kind van die Here is. Kom praat dan na die tyd met my. Dan maak ons 'n tyd om daaroor te praat.

Die kinders gesels nou verder in hulle kleingroepe.



## Kleingroepbediening (KGB)

**Lewensdeling**

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

**Terugvoering van vorige Ontmoeting**

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

**Pretaktiwiteit**

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

**Tuisaktiwiteit**

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

**Gebed**

Dieselfde as by Ontmoeting 3.



## Verversings

Gepaste verversings kan na die tyd vir die juniors voorsien word.